**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**JUNIE 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

   | | |
   |---|---|
   | **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
   | **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
   | **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
6. **Me.Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman en Ramdhani**
7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Begripstoetse**

**Vraag 1: Artikel**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

## HOEKOM SO SELF(IE) MAL?

deur Lydia van der Merwe



1 Dink jy aan ʼn *selfie*, dink jy beslis aan Kim Kardashian, die koningin van *selfies.* Maar sy is nie die enigste een nie. Ook jy, het seker al ʼn *selfie* geneem. Sommige kenners sê dis net pret, ander dink dis ʼn vorm van narsisme.

2 21 Junie was *Selfie*-dag en soos dinge nou gaan, is dit nie die laaste een wat ons gaan vier nie.

3 Want enigiets – wat jy eet, waar jy vakansie hou of net *chill* – word mos deesdae met ʼn lang arm met jou slimfoon-kamera afgeneem: met jouself natuurlik prominent as deel van die foto. En dan word dit op Facebook, Instagram of ʼn ander sosiale netwerk gelaai om aan die wêreld te wys: Kyk, ek eet! Kyk, ek *chill*! Kyk, ek neem ʼn *selfie*!

4 Dis beslis die tyd van die #*selfie*, ʼn speelding van ryk en arm. Die feit kom selfs in popliedjies voor. Dink aan die liedjie "*Selfies*" van die Skotse sangeres Nina Nesbitt.

5 G'n wonder die nuustydskrif *Time* het dit einde 2012 as een van die tien top gonswoorde van die jaar aangewys nie. Die woord is ook in 2013 in die aanlynweergawe van die *Oxford English Dictionary* opgeneem.

6 Volgens die selfoon- en kameravervaardiger Samsung is tot 30% van die foto's wat jongmense (tussen 18 en 34) neem, *selfies*. 91% van tieners doen dit gereeld, volgens ʼn opname van die Amerikaanse *Pew Research Centre.*

**Ek … Ek … Ek!**

7 Onskuldige pret, net nog ʼn manier om jouself uit te druk? Nee, sê ʼn tweede groep. Die ontploffing van die *selfie* wys maar net weer ons lewe in ʼn buitengewoon **narsistiese era**.

8 *"Narsisme is* 'n *sieklike vorm van self-liefde: ek … ek … ek … Ek is byvoorbeeld op Instagram en Facebook en Google+* en *Twitter* en *Snapchat* en *Viber en en en …* As jy kyk hoeveel foto's veral jonger mense van hulself op sosiale netwerke plaas, sê dit nogal baie." Teen einde Oktober 2016 is reeds 34,700,000,000 foto's op die sosiale netwerk geplaas.

9 Volgens Dion Chang het sosiale media die manier verander hoe ons na die wêreld kyk. Dit leer ons om na alles met 'n nuwe oog te kyk sodat ons dit op die internet kan plaas. Dit word die Facebook-oog-effek genoem.

10 Jou hele lewe kry 'n "mooi" raampie en jy wys net die perfekte kant. 'n Studie wys dat Facebook jou daarom depressief kan maak. *Selfies* is net deel daarvan. Jy plaas die fokus **100% op jóú**, sê Dion.

**Hoe lyk die toekoms?**

11 Die einde is nog lank nie daar nie. Dit gaan net aanhou groei. Volgens Dion is ons in 'n hiper-visuele lewe en ons sien dit op sosiale netwerke. Hy voorspel 'n reuse groei in Instagram en Snapchat.

12 *Selfies* is die gewildste onder millennials (mense van 18-34 jaar), die generasie wat met die nuwe digitale tegnologie grootgeword het, volgens 'n opname wat die *Pew Research Centre* in Amerika gedoen het. Sowat 55% van hulle het al 'n selfie op 'n sosiale media-webwerf geplaas. In vergelyking met net 24% van generasie X (sowat 35–49 jaar), 9% van die *baby boomers* (sowat 50–68 jaar) en 4% van die *silent generation* (sowat 69–87 jaar).

**Gevare**

13




*Selfies* kan ook jou dood veroorsaak, glo dit of nie.
Die meeste *selfie*-dood word veroorsaak wanneer mense van hoë plekke afval terwyl hulle probeer om selfies te neem. Die tweede grootste oorsaak van *selfie*-dood is motorongelukke as mense *selfies* neem terwyl hulle bestuur. Baie mense sterf ook in die bulstorm in Pampolona in Spanje.Terwyl hulle weghardloop, probeer hulle foto's van hulleself met die bulle in die agtergrond neem!

14



Maar dit is nog lank nie die dood van *selfies* nie. Al hou jou ouers nie daarvan nie, sal jy bly *selfies* neem en dit vir jou maats via WhatsApp stuur of op Facebook plaas.

[Verwerk en verander uit http://www.sarie.com/lewe-liefdes/hieroor-praat-mense/hoekom-selfie-behep]

Vrae:

1.1. Haal EEN woord in paragraaf 1 aan wat na foto's verwys wat jy van jouself neem. (1)

1.2. Hoe word Kim Kardashian beskryf?
Haal 3 opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)

1.3. Wanneer word internasionsale S*elfie*-dag gevier? (1)

1.4. Hoekom neem jongmense so baie foto's van algemene dinge? Gee TWEE redes volgens paragraaf 3. (2)

1.5. Watter bewys is daar dat *Selfies* 'n belangrike rol in jongmense se lewens speel? (Paragraaf 4) (1)

1.6. Kies die mees gepaste antwoord om die woord "gonswoorde" te verduidelik. Skryf slegs die nommer en die LETTER neer.

"*Selfies* is as een van die tien top-**gonswoorde** van die jaar aangewys." (Paragraaf 5)

A. 'n Ou woord uit Time tydskrif wat nie baie gebruik word nie.
B. 'n Woord wat onbelangrik is.
C. 'n Woord wat modern is en baie gebruik word.
D. 'n Woord van die Oxford English Dictionary. (1)

1.7. Wanneer is die woord *selfies* veral as populêr erken? (1)

1.8. Die volgende stelling is **ONWAAR.**

Meer as helfde van die foto's wat jongmense (tussen 18 en 34) neem, is *selfies.*

Haal 'n deel van 'n sin aan om dit te bewys. (1)

1.9. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om te: *chill.* (1)

1.10.1. Hoeveel tieners laai gereeld selfies op sosiale netwerke? (1)

1.10.2. Wie het 'n opname oor tieners en selfies gedoen? (1)

1.11. Noem EEN manier hoe sosiale netwerke die mens verander het. (1)

1.12. Hoekom, dink jy, kan Facebook-gebruikers depressief raak? (2)

1.13. Hoekom kom daar twee strepies (aksenttekens) op die woord **jóú** voor? (paragraaf 10) (1)

1.14. Volgens wie, plaas selfies 100% fokus op jouself? Gee die persoon se naam en van. (1)

1.15. Hoekom plaas die *silent generation* minder selfies as die millennials op sosiale netwerke? (Paragraaf 12) (1)

1.16. Die volgende stellings is WAAR. Haal aan om te bewys dat die stellings WAAR is.

1.16.1. Mense het al gesterf as gevolg van selfies neem. (1)


1.16.2. Selfies is vir mense van alle ekonomiese agtergronde. (1)

1.17. Rangskik die volgende sinne in die KORREKTE VOLGORDE soos dit in die tydskrifartikel voorkom. Skryf die sinne oor

- Selfie is een van die tien topgonswoorde.
- Baie mense neem selfies.
- Ons kyk nou anders na die wêreld.
- Daar is deesdae ‘n selfie-dag. (4)

(24)

**Vraag 1: Teks B: Die grootste aanlyn winkels in SA**




1.18. Watter aanlyn winkel het die grootste persentasie markaandeel? (1)

1.19. Watter winkel word deur 'n pet voorgestel? (1)

1.20. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Exclusive Books het 'n (groter/kleiner) markaandeel as Amazon. (1)

1.21. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die letter (A–D) neer.

Jy sal by Sportsmans Warehouse koop as jy ... nodig het.

A. boeke
B. sokkerballe
C. beddegoed
D. kruideniersware (1)

1.22. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.22) en die letter (A–D) neer.

Mense gebruik aanlyn winkels om inkopies te doen, want ...

A. hulle wil by hulle vriende spog.
B. dis gerieflik en bied jou 'n wye keuse van produkte.
C. die pryse is goedkoper as in die gewone winkels.
D. die produkte is van 'n beter kwaliteit. (1)

1.23. Wat is die enigste kruiderniersware kettingwinkel wat op die grafiek verskyn? (1)

(6)

TOTAAL AFDELING A: 30

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE maniere ***hoe om minder sout te gebruik***, in jou eie sinne op.
2. Skryf die maniere PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die maniere van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**SLIM MANIERE OM MINDER SOUT TE GEBRUIK**

1. Die liefde vir sout is ŉ aangeleerde smaak. As jy gewoonlik ŉ opgehoopte teelepel sout gebruik, gebruik eerder ŉ plat teelepel. Sny dit na ŉ week bietjie af, tot jy na ŉ tyd op ŉ half teelepel staan.

2. Net soos sout het olie die vermoë om geure uit te bring. Ons het gesonde olies nodig vir die omega 3-vetsure daarin. Gebruik ŉ bietjie olyf-, avokado of canola-olie oor slaaie en groente in plaas van sout.

3. Kies kruie soos byvoorbeeld pietersielie en tiemie wat ŉ heerlik souterige smaak aan vleis, groente en soutgeregte gee. Dit is ook ryk aan antioksidante.

4. Pakkies skyfies, kitskos soos hoenderstukkies en veral die pakkies sous wat daarmee kom, bevat baie sout. Koop soutvrye happies vir jou gesin soos vrugte vir skool en werk.

5. Die meeste gaar groente is so lekker dat dit nie sout benodig nie. Bak jou groente en kyk hoeveel beter is die natuurlike geure sonder dat jy sout hoef te gebruik.

6. Gekoopte pap het baie sout in. As jy self hawermout, mieliepap of muesli maak, kan jy die sout daarin beheer. Tuisgebakte brood, skons, muffins en beskuit bevat ook minder sout as gekoopte gebak.

7. Nog ŉ doeltreffende manier om smake te behou en minder sout te gebruik, is om waterlose potte te gebruik.

[Aangepas en verwerk uit http://www.rooirose.co.za/slim-maniere-om-minder-sout-te-gebruik/]

TOTAAL AFDELING B: 10

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- **Die taalvrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

3.1. Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2. Wat noem ons die leesteken aan die einde van die sin:

Halfprys na 15:00! (1)

3.3. Skryf 15:00 in woorde uit. (1)

3.4. Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Stuur kinders alleen na die kassiervenster! (1)

3.5. Skryf die afkorting tussen hakies volledig uit.

Geldig van 8 Jan.-28 (Feb.) 2015. (1)

3.6. Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die letter neer.

In hierdie advertensie verwys die woord "skemer" na:

A. die tyd wanneer die son opkom.
B. die tyd wanneer die son ondergaan.
C. dae wanneer daar nie baie wolke in die lug is nie.
D. dae wanneer daar geen wolke in die lug is nie. (1)

3.7. Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Jy kan 021 424 8181 vir meer inligting skakel. (1)

3.8. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Volwassenes moet kinders na die kassiersvenster vergesel wanneer hulle kaartjies koop. (1)

3.9. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Party (kabelkarre) is kleiner as die Tafelberg-sweefspoor. (1)

3.10. Kies die KORREKTE SPELLING van die woord tussen hakies.

Tafelberg is in (Kaap Stad / Kaapstad / Kaap-stad.) (1)

(10)

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- **Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

4.1. Dit is elke kind se **reg** om 'n veilige blyplek te hê, om toegang tot skool te hê en om privaatheid te geniet.

Gebruik die woord **reg** in 'n eenvoudige sin, sodat jy 'n ander betekenis vir die woord wys. (Homoniem) (1)

4.2. Skryf die onderstaande sin oor, maar vervang die VOEGWOORD met: **want.**

Stoor julle werk sodat julle môre daarmee kan aangaan.

Stoor julle werk, **want**... (1)

4.3. Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

4.3.1. Meneer Smit het elke aand 'n interessante les beplan. (1)

4.3.2. Jannie sal Solitaire speel. (1)

4.4. Skryf die volgende sin in die TEENWOORDIGE TYD oor.

Jannie het agter in die klas gesit om rekenaarspeletjies te speel. (1)

4.5. STEL DIE VRAAG, sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord vorm.

Julle kan <u>môre</u> daarmee aangaan. (1)

4.6. Skryf die sin oor, BEGIN SOOS AANGEDUI.

Studente moet altyd in die klas werk.

Studente behoort... (1)

4.7. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Daar is elke dag 7 (periode). (1)

4.8. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die student (wie/wat) agter in die klas sit, speel rekenaarspeletjies. (1)

4.9. Kyk na raampie 1. Hoe kan ons aan die onderwyser se liggaamtaal sien hy is baie ernstig en hy gee vir die kinders 'n opdrag? (1)

(10)

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

- **Die taalvrae wat volg is op die artikel en prent gebaseer.**
- **Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.**

### Skooltragedie: "Hy was 'n pragtige seun" sê pa.

2 Februarie 2019
(https://maroelamedia.co.za/2019/02/02)
Nico Strydom (https://maroelamedia.co.za/author/nico)

Roydon Olckers, Foto: Facebook

Roydon Olckers (17), een van drie 5.1. (leerder) wat Vrydag by die Hoërskool Driehoek dood is, se pa sê sy seun se dood was nie tevergeefs nie.

Donovan Olckers het in 'n onderhoud by die skool en aan eNCA gesê hy kon nie vir 'n beter seun gevra het nie en was baie trots 5.2. _______ Roydon.

"Wees lief 5.3. _____ mekaar. Hou op met die haat, die gekibbel en al die nare dinge. Gaan uit en maak 'n verskil. Dit is wat sy naletenskap gaan wees."

Die ander twee leerders wat in Vrydag se ramp dood is, is intussen geïdentifiseer as Jandré Steyn en Marli Currie, albei 13 jaar oud en in 5.4.(gr.)8.

Marli word beskryf as 'n meisie met 'n sagte hart en mooi persoonlikheid. Die studente skryf, ons gaan jou mis, meisiekind, 5.5. _____ plekkie gaan nou leeg wees, maar ons sal jou nooit vergeet 5.6.

Honderde mense het Vrydagaand by die Hoërskool Driehoek bymekaar gekom om te rou en eer te betoon aan die slagoffers. Mense het baie 5.7. (blom), kaartjies en selfs 'n klein sagte 5.8. (speelding) by die skool neergesit om medelye te betoon. 5.9.(Ouers onderwysers leerders lede van die gemeenskap) het mekaar getroos en gebid.

Verwerk uit: maroela media (https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2019/09/Marli-Currie.jpg)

5.1. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Roydon Olckers (17), een van drie 5.1. (leerder) wat Vrydag by die Hoërskool Driehoek dood is, se pa sê sy seun se dood was nie tevergeefs nie. (1)

5.2. Vul die uitgelate VOORSETSEL in.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Donovan Olckers het in 'n onderhoud by die skool en aan eNCA gesê hy kon nie vir 'n beter seun gevra het nie en was baie trots 5.2. _______ Roydon. (1)

5.3. Vul die uitgelate VOORSETSEL in.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Wees lief 5.3. _____ mekaar. (1)

5.4. Skryf die AFKORTING volledig uit.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die ander twee leerders wat in Vrydag se ramp dood is, is intussen geïdentifiseer as Jandré Steyn en Marli Currie, albei 13 jaar oud en in 5.4.(gr.) 8. (1)

5.5. Vul die weggelate PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die studente skryf, ons gaan jou mis, meisiekind, 5.5. _____ plekkie gaan nou leeg wees, ... (1)

5.6. Voltooi die sinsnede oor in die korrkete ONTKENNENDE VORM.

... maar ons sal jou nooit vergeet (5.6). (1)

5.7. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Mense het baie 5.7. (blom), ... (1)

5.8. Skryf die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

... kaartjies en selfs 'n klein sagte 5.8. (speelding) by die skool neergesit om medelye te betoon. (1)

5.9. Skryf die sin oor en vul weggelate LEESTEKENS in.

Ouers onderwysers leerders lede van die gemeenskap het mekaar getroos en gebid. (1)

(9)

**VRAAG 5: PRENT**



5.10 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Hulle gaan nou baie (biefstuk, tjops, boerewors en hoender) braai. (1)

5.11. Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die mans moet eers 'n (fire) maak voordat hulle kan braai. (1)

5.12. Skryf die volgende sinne in die INDIREKTE REDE.

5.12.1. Pieter sê: "Ek is nou lus vir my kos."

Begin so: Pieter sê: ... (1)

5.12.2. Johan vra vir Pieter: "Hoe laat begin die rugby?"

Begin so: Johan vra vir Pieter: ... (1)

5.13. STEL DIE VRAAG, sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord vorm.

Johan kom van <u>Johannesburg</u> af. (1)

5.14. Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD oor.

5.14.1. Die mans staan en braai. (1)

5.14.2. Die mans kan lekker braai. (1)

5.15. Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Kwanda se vrou sit (baie alleen) by die huis. (1)

5.16. Voltooi die volgende VERGELYKING.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die hout waarmee hulle die vuur maak is so droog soos.... . (1)

5.17. Gee die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

(Suid-Afrika) is bekend vir braai. (1)

5.18. Skryf die AFKORTING tussen hakies volledig neer.

'n Braai is (m.i.) een van Suid-Afrika se beste tradisies. (1)

(20)

TOTAAL: AFDELING C: 40

**GROOTTOTAAL: 80**